

# Suid-Afrikaanse Soogdiere,

Hulle Geskiedenis en Belang vir die Mens.

DEUR

C. S. GROBBELAAR, M.A., Ph.D.,  
Lektor in Dierkunde aan die Uniwersiteit van Stellenbosch.  
Met 'n Voorwoord deur Prof. J. J. Smith.

GEILLUSTREER.



pp. 1-iv, 1-255

STELLENBOSCH,  
PRO ECCLESIA-DRUKKERIJ, PASTORIESTRAAT.  
1924.

waarvan de langste & el lang waren, met een korte hals en lage beenen, die voeten bijna van fatsoen als rhinoceros voeten, edoch gekliefd in vier partijen. Was zeer fel en wreed, en hadde genoeg te doen om te bedwingen, onaangezien met enige kogels agter de ooren door het hoofd getroffen was, wensende die huid wel een duim dik en zoo hard, dat op sommige plaatsen geen musket-kogel door konde geschoten worden: des hem regt voor in het hoofd lieten dood schieten, en het volk hem eten, alzoo het van goeden smaak was, loopende de melk uit die uyeren."

\* \* \*

Volgens Kolbe was hulle nog in die eerste kwart van die 18de eeu nie ongewoon in die nabijheid van Kaapstad nie, maar ten gevolge van die snelle verhuis na die binneland, wat in die middel van daardie eeu plaasgevind het, het die seekoei ook verder na die noorde verhuis. Sparrman moes in 1785, en Paterson in 1789 al so ver gegaan het as die Visrivier eer hulle seekoeie teëgekom het. Burchell het in 1811 'n seekoeijag bygewoon naby die samevlakte van die Oranje- en Vaalrivier, en in 1830-1840 is hulle slegs in die boonste lope van die Limpoporivier aangetref.

'n Paar seekoeie het vir etlike jare lank naby die mond van die Bergrivier gewoon; en die kop van een, wat in 1856 daar gedood is, is nou in die Suid-Afrikaanse Museum. In 1874, word vertel, is 'n seekoei vir die laaste maal in die Bergrivier gesien. Tans is hulle nie meer in die Kaapprovincie te vind nie. In Natal is daar nog 'n paar onder beskerming in die "Seekoeimeer," aan die mond van die Oemgenierivier, 'n paar myl ten noorde van Durban. Hier en daar in klein getalle vind ons hulle nog in St.-Luciaabai, in die Komatierivier, en in ander van die noordelike riviere, in Oostelike Transvaal, en in Portugese gebied tot aan die Sambesi.

Hy is een van die groot diere wat aan die menslike geslag bekend is vanaf die vroegste tye. Waarskynlik kom die "behemoth," waarvan melding gemaak word in die boek Job, ooreen met ons hedendaags seekoeie. Herodotus, Plinius en Aristoteles het die seekoei ook beskryf; hul beskrywinge en verhale oor die "rivierperd," soos hy in dié tyd genoem was, is fabelagtig. Kolbe was die eerste wat die seekoei vereenzelwig het met die "rivierperd" van die ou klassieke skrywers; en sy beskrywing van die rivierperd, hoewel eienaardig, is tog taamlik korrek en vertroubaar.


### 34. DIE RENOSTER.

Die donkervaal reusedier, so swaar van tred en lomp van lyf — herinner hy ons nie aan die reusegestalte wat op Afrikaanse bodem gefloreer het en waarvan ons vandag net die grise versteende oorblyfsels kry, dié fossiele van die "Pareiasaurus" en sy verwante wat tog die vernietigende tand van die tyd weerstaan het? Net soos ons teenwoordige reuse — die olifant, die seekoei en die renoster — vandag nog ons oerwoud sy natuurlike karakter gee, so ook het die reuse van die gryse verlede, van voorhistoriese tye, gevroetel, gerol en geswem in die ruie moerasse en uitgestrekte mure van daardie tyd. Tyd het die toestaande en omstandighede waarin daardie voorhistoriese reusediere geleef het vir ons in 'n dik sluier gewikkeld; en dit is net hier en daar dat die wetenskap ons die mantel opgelig het om ons 'n kykie te gee in die voorgeskiedenis van die diereryk.

Daardie voorhistoriese toestande het verander, geweldig verander, en die lomp reuse was die slagoffers van die veranderinge; dus, optimistics mag ons nie wees nie ten opsigte van die onbelemmerde voortbestaan van ons teenwoordige kragtige reuse van die woud. Die groot wit renoster, hoewel hy nooit ten suide van die Oranjrivier bekend was nie, was tot aan die einde van die negentiende eeu taamlik volop in die landstreek tussen die Oranje- en Sambesierivier. Hul is nou baie skaars; dit word beweer dat daar nog 'n klein klompie in die noorde van Soeloeland te vindé is.

\* \* \*

Wanneer dit bedags so warm is, en 'n drukkende hitte op die ruie boswêreld rus, dan staan die groot neushoring in die koelte van 'n ruie struik of skaduryke boom en rus. Sy vel is hard en dik en byna sonder hare, maar die hitte is tog vir hom te veel. Die insekte wat hom so lastig val, vang die renostervoëltjies weg. Hul is sy goeie vriendjies, wat oral op sy groot lyf rondspring en -wip om die lastige goggatjies op te soek en weg te vang. As hy gaan lê, sal hy met sy kop



Die Renoster.

wind-op rus, want dis die windjies wat hom gou-gou al die geure aanwaai en hom sê of daar 'n maat in sy omgewing is, en of sy vriend, die seekoei, naby ronddwaal, en of dit die gevreesde witman of inboorling is, wat, bekend met sy fyn ruik en swak oë (die renoster is nabysiende, sy oë is betreklik klein en nou), hom met lis probeer bekruipt. En koning Leeu, roofsugtige despoot, waag nie lig 'n aanval op hom nie, want die dikhuid kan te gevaelik stormloop en hom te gemaklik in die lug op skiet met sy kragtige neushoring.

Maar dit word nou laat, en die ergste middaghítte het al reeds verdwyn. Hy werp sy lomerigheid af en begin te vreet aan die sagte gewasse wat hy teekom. Die swart renoster, in teenstelling met die wit renoster, leef veral op die sagte blare en jong lote van sekere struiken en boomsoorte, en op sappige gewasse. Dit word later, die son sal haas ondergaan, die renoster het ook al in die rigting van die voetpaadjie weiwei voortgegaan, wat hom deur die digte bos na die waterdrinkplek sal lei. Onderweg sluit hy hom by 'n klein renostervamilié aan, en hul loop nou saam na die waterdrinkplek, waarheen nou ook van alle kante wild versigtig en weiwei stap.

Die renoster is stuurs, hy is ongesellig en ongeërg. Hy hou van 'n langsame lewe. En tog is die familielewe vir hom ook aangenaam, sodat vader en moeder en een of twee kinders dikwels saamlewe.

Nadat hy water gedrink het, en aan die kant van die waterpan in die modderige water 'n bietjie rondgerol het om sy liggaaam af te koel, hervat hy weer sy reis na die geliefkoosde weiveld, miskien ure en ure van daar.

Die klein familié het ook klaar gedrink en met genoë in die water rondgedrentel en gelê. Hul slaan ook nou 'n voetpaadjie in wat hul vir myle en myle deur die bos sal lei totdat hul eindelik by 'n geliefkoosde weipplek uitkom, waar hul verlede week so lekker gevreet het. Die kleintjie loop agter sy moeder aan. Die kleintjie van die wit renoster loop altoos voor sy moeder uit, sodat sy hom af en toe met die punt van haar horing kan stuur om die regte koers te hou.

Die klein familié is al voor dagbreuk van die waterdrinkplek weg; hul het vanoggend 'n lang, lang rit afgelê. Gelukkig is die renoster se bene dik en sterk, en aan ieder van die drie groot tone het hy 'n ronde hoefie. So 'n poot is dus

baie geskik om met gemak oor die oppervlakte, hoe veranderlik ook, te stap. Met 'n ruwe teerheid kyk die moeder kort-kort om na haar kleintjie. Sy het hom innig lief; sy alleen sal hom ook kan beskerm teen enige vyand. Die vader, 'n bul in die bloei van sy jare, is onverskrokke. En wie is daar wat dit sal waag om hul aan te val! Afgesien van die blanke met sy vuurwapen, is geen dier van die woud, koning Leeu inkluis, in staat om hul te molesteer nie. Die inboorlinge, gewapen met lang vlym-skerp asgaaie, geluk dit so nou en dan om 'n renoster van kant te maak. Hul bereken sekuur die rigting van die voetpaadjie waارlangs die renoster stap, die rigting van die wind, en die ligging van die grond. In een of ander groot boom langs die voetpaadjie neem hul dan 'n veilige posisie in; as die renoster onder die boom deurloop, probeer hul hom dan met 'n geweldige kragstinspanning te deurboor. Hul mik gewoonlik op 'n punt kort agter die blad om die hart te tref. Die dood volg natuurlik nie onmiddellik nie; maar die geslepe inboorlinge weet goed genoeg, dat as hul die arme dier op 'n dodelike punt getref het, hy in sy worsteling vroeër of later aan bloedverlies sal beswyk. En gerus bly hul dan in die boom wag, volg die woedende, gewonde dier tot waar hy gaan stilstaan om van sy wonde om te kom.

Die klein familië is vanoggend ook in 'n hinderlaag geleei. 'n Paar inboorlinge het hul bespied en posisie ingeneem in 'n digte boom, en na hul berekening moes die renosters net mooi onder die boom deurloop. Dit het hul geluk; en twee, drie asgaaie met vlymende lemme straal bliksemsnel af op die stoere bul, wat tot nogtoe so moedig en ongeërg 'n klein entjie agter sy kroos gestap het. Die verwoede dier storm die digte bosse in. Dic inboorling-jagters volg sy koers vanwaar hul sit. Eindelik is alles stil. Hul weet ook min of meer waar hy gaan staan het. Versigtig kom hul nou nader. Maar die renoster was nie dodelik getref nie. Onder 'n digte kreupelhout staan hy hul in te wag, opeens — daar is 'n gekraak en 'n gedreun; en eer hul die wyk kan neem, storm die gebelgde dier met kop omlaag op hul af. In sy dolle, woeste vaart het hy in 'n oogwink die naaste Kaffer met sy gevaaerlike horing opgeskep en in die lug gewerp; dieselfde lot tref ook die tweede Kaffer. Laasgenoemde val op die grond terug, en weer storm die wraaksugtige neushoring, en frommel en trap hom inmekaar. Die ander Kaffer het bo in 'n boom te lande

gekom en daar bly lê totdat sy maats hom later, ná die gewonde dier verdwyn was, kom haal het. Aan hom het die renoster nooit weer gedink nie, want in sy woede kan hy sy gedagte maar net op een saak bepaal; van alles wat verder om hom gebeur, neem hy geen notiesie nie.

\* \* \*

Net soos die olifant, sal 'n renoster 'n mens stormloop wanneer hy dit miskien nooit verwag het nie. Sonder die geringste aanleiding daartoe sal hy somtyds 'n mens bestorm as hy op hom afkom, wanneer hy bedags rustig onder 'n boom of struik staan of lê. In sy woede is hy die verpersoonliking van ontembare onverskrokkenheid. Eers storm hy bruisend en briesend met kop omhoog wind-op en dan wind-af, en dan sal hy weer met kop omlaag sloté ploë op die grond en alles voor hom wegveeg. Geweldig is die krag wat hy op die groot neushoring kan verenig. Die voorste neushoring is somtyds byna twee voet lank. 'n Bietjie hoér-op is 'n tweede, maar veel kleiner horing.

Die horings bestaan nie uit been nie. Hul ontstaan min of meer net soos die naels van 'n hond of kat: klein selgroepies op die oppervlakte van die vel waar die horings sal uitgroeи, vorm tesame 'n ontwikkelingsentrum. Die boonste selle van die ontwikkelingsentrum word hard en kry later die gehalte van horing. Namate die dier ouer word, word daar meer en meer "horing" gevorm, en die proses gaan voort totdat die selle van die ontwikkelingsentrum nie meer aktief is nie.

#### Een en ander oor die Geskiedenis van die Renoster. in Suid-Afrika.

In 1653 en later het ons ou Hollandse voorouers die swart renoster in die Kaapse Skiereiland aangetref. Van Riebeek maak daar as volg melding van in sy dagboek — dit was by geleenheid van 'n reis na die binneland tot nabij en in die omtrek van Pêrelberg:

"28 dito [dit was die 28ste Feb. 1658] goot weer als boven [d.i. as die vorige dag], houdende noch al deselve cours in 't marcheerden tot op den avondt, dat omtrent 4 uyren g'advanceert waren, ende aldaer onse beesten latende weyden,

\* "Dagverhaal van Jan van Riebeek," II, 1656 — 1658, Bl. 356.

## SUID-AFRIKAANSE SOOGDIERE.

isser onder deselve een renoster gecomen, die twee hoorens op de neus hadde staen, gelijck de bocken haer hoorens dragen, doch geen molestie offe quacdt aen de beesten doende, ende eenige schooten op gedaen hebbende, is weggheloopen. Dus doende is de nacht op handen gecoomen, ende hebben wij ons tot ruste begeven, omme des anderen daeghs weder te cunnen voortmarcheeren.”

’n Vyftig jaar later het Kolbe (1719) in sy bekende werk ’n eienaardige beskrywing en fantastiese tekeninge van die swart renoster gegee. Sy beskrywing is hier en daar ’n bietjie fabelagtig. Die volgende is ’n paar uittreksels:—\*

“De Rhinoceros of Neushoorn dan is donker aschgraauw, en aldus een weinig na de zwarte kant, kaal van vel, zonder hairen, zoo als de Olyphanten. De huid is vol rimpels en kerven, en zoo hard en dik, dat men met een scherp mes naauwlyks daar door snyden kan. Het is echter niet schobachtig, zoo als de schilders hem doorgaans aan het gemeen vertonen, heeft ook geen schilfers, maar de rimpels en vouwen komen van het onbezuist lopen door struiken en heggens, als welke hy nooit ontziet, en derhalven van de takken van de boomen gekrapt word, ook zich in het zand..... of op dorre hei en stoppels wentelt, en zich alzoo ellendig krabt en kerft.....

“Recht achter dczen hoorn na het voorhoofd toe, heeft hy nog een gantsch kleinen hoorn, die by jonge Rhinocerossen ontrent een hand breed, en by de oude ontrent een halve voet hoog is. Deze is onder op het voorhoofd zoo breedt als het voorhoofd zelf, en loopt van boven boogswys. Deze korte hoorn schynt hem meer in den weg te wezen, als nuttig te zyn, als hy razen en tieren of om kort te zeggen, spitten wil. Ja het dunkt my, dat de Alwyze en Algoede God dezen hoorn by den anderen gezet heeft, ten einde daarmede zyn woede en gruwzaamheid als te beteugelen.....

“Hy is ook door het achter en over zich, zoo als ook uit het wegwerpen der klippen, die een groot geklaster veroorzaiken, licht te kennen, om dat geen ander dier, ten minsten in dit gewest, poogt of in staat is, om zulks te doen.....

“Wat aanbehangt den huid, ik heb van een geleerd man vernomen, die vele jaren op Batavia in het Laboratorium

\* “Naaukeurige en Uitvoerige Beschrijving van de Kaap de Goede Hoop,” Hollandse Vertaling (1727), I, 189, 190, 191, 192.

## DIE HOEFDIERE.

Chymicum van de Illustre Compagnie heeft gediend. dat hy veeltyds van de Rhinoceros huid een kostbaar zout heeft gemaakt, ’t welk dat van hertshoorn, of een ander niets behoeft te wyken, waar mede hy wonderbare kuren gedaan, en zyne moeite rykelyk betaalt bekomien had. Hy is na Duitschland weder gekeert, en heeft onder andere fraayigheden, waar van hy ’er verscheide zooten by zich had, een goede quantiteit van dit zout met zich genomen, waar van buiten twyffel menig Duitscher zal geprofiteert hebben, en daar door weder tot vorige gesondheid herstelt zyn.

“Het bloed van den Eenhoorn heeft voornamelyk de kracht, dat hetzelve in een Rhinoceros darm gedaan en door de hete zonnestralen gedroogt, in een zekere quantiteit met wyn of warme thee of koffy genomen, alle inwendige qualen, verrekkingen der zenuwen, en voorts al hetgeen van binnen mogt zijn gequetst, veel beter, gezwinder en zonder het minste gevaar geneest, als het bokke bloed of dat van enig dier. Derhalven word het ook van de inwoners zeer zorgvuldig opgevangen, gedroogt, en bewaart, om elkander in tyd van nood daar mede dienst te doen, en te helpen.”

Ons is almal bekend met die ontmoeting wat Simon van der Stel gehad het met die neushoring toe hy in 1685 ’n tog na Namakwaland gemaak het.

In die oorspronklike rapport of “dagregister” van die reis word die gebeurtenis as volg beskryf:—\*

“Onzen cours vervolgden wy N. aan langs de Piketberg 1½ myl, komende aan een rustplaats, daar wy doende waren, om te zien, of de zelve van water en gras genoeg voorzien was, ’t welk wy alzoo bevonden.

Ondertusschen vertoonde zich aan ons een Rhinocer, van een ongelooflyke groote, die met een groote furie en quaadheid regt midden op onzen trein aanquam, daar hy langs liep tot agter toe, alwaar de Heer Commandeur met zyn Kales stont, op welke hy recht toezette, hebbende de Heer Commandeur quaalyk zoo veel tyds, om uit de Kales te komen, springende daar evenwel uit met een donderbus in de hand, leide alzoo op den zelven, die geen zes treden van hem af was, aan, en meende vuur te geven; doch de donderbus weigerde,

\* Godée Molsbergen, “Reizen in Zuid-Afrika in de Hollandse Tijd,” I, 149-150.

springende de agterste rust op die voorste; doch het woedend dier, 't welk wy anders geen staat maakten, of het zou de Heer Commandeur, in ons byzyn verslonden hebben, liep hem raakende aan het lyf, voorby; en wy geloofden, dat het zelve van de schoot quam, die een van de Ed. Heer zyn wildschutten hem gaf; daar op liep het zelve voorts met een groote snelheid van ons. Verscheide anderen, die te paard waren gezeten, wisten het zelve al mede niet te ontvlugten, verlaatende hunne paarden met een groote schrik, waaraan sy op verscheide plaatzien zich bezeert hadden."

Die eerste vertroubare beskrywing wat ons van die swart renoster kry, is deur Sparrman. Die beskrywing is gemaak van een wat hy in 1795, naby Kommadagga (Somerset-Oos) doodgemaak het. In 1824 het Burchell nog twee renosters in die distrik Britstown gekry. Dit word verhaal dat die laaste renoster in die Kaapprovincie in 1853 doodgeskiet is langs die Koegarivier, naby Port Elisabeth. En in 1842 is vermoedelik die laaste in die Vrystaat gedood by die Renosterkop, net ten suide van die Vaalrivier, in die distrik Kroonstad.

Ten suide van die Sambesierivier kry ons hul nog hier en daar in Ovapolond; miskien is daar nog 'n paar in Soeland. Ten noorde van die Sambesic is hul nog volop.

### 35. DIE GIRAF.

(*Giraffa capensis*.)

**D**IE afstand bekoor. Wat skoonheid en sierlikheid betref, is dié spreuk onder die wilde diere. Nêrens so toepaslik as op die giraf nie. Die skraal bou, die slank vorm, die donker vlekke op die fris kastaiing-bruin agtergrond meng op 'n afstand in 'n strelende eenstemmigheid met die bome en bosse van die veld. Dic lywige olifante verlewendig die groot bome van die woud met hul dik stamme; die buffels, die sebras, en die gensbokke bring lewe tussen die struikgewasse en die oop grasperke; die bosvarke leef laer, vroetel in die grond vir wortels en bolle; die giraf styg tot in die hoë boomtoppe: hy bring lewe tussen die hoë, sappige spruite en blaarryke takke. Immers, kragtens sy hoë voorpote, sy lang, fraai omlynde nek, staan hy byna neëntien voet hoog, van die kroon van die kop tot op die voorhoef gemeet.

Sy gebied is die droë, sanderige streke, oorgetrek met "mopanie" en kameeldoringbome, en ander bome en gewasse van die woestyn. Hy is besonder gek na die kameeldoringboom. Die ou boerjagters het hom "die kameel" genoem, en vandaar ook die naam "kameeldoringboom." Daar is min natuurtoncle, sê Bryden, wat in prag en skoonheid gelyk staan aan die skouspel van 'n paar girafs wat, met lang uitgestrekte nekke, die lang grypende tonge lustig slinger om die soet jong blare van 'n groot donkergroen kameeldoringboom. Dit gaan moeilik om hulle te midde van hoë bosse en bome te onderskei, want die kleur en vorm is so ooreenstemmend met so 'n omgewing, dat 'n mens hom dikwels aansien vir 'n verdorde boom met kaal stam en blaarlose takke. Na gewoonte staan hulle dikwels ook so doodstil sonder ore of stert te verroer, net soos ander groot wild, dat alleen die lange geofende jagter hulle kan waarnem. Gedurende die middag rus hul, en net soos die olifant wei hul alleen vroeg in dieoggend of laat namiddag. Teen die aand gaan hulle langsaam na die waterdrinkplekke. 'n Snaakse figuur slaan dié lang-